# Afrikaans

## Graad 5: Eerste Addisionele Taal: Kwartaal 3

Naam: ____________________________________________ Tyd: 40 Minute

Klas: _____________________________________________ Totaal: ______________ / 40


**Instruksies**

1. Lees al die vrae deeglik deur
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel
3. Daar is vier afdelings: Afdeling A: Leesbegrip: 15
   Afdeling B: Visueleteks: 10
   Afdeling C: Opsomming: 5
   Afdeling D: Taalstrukture: 10
4. Geniet dit!

**Afdeling A: Leesbegrip** [15]

Lees die inligtingsteks oor heuningbye en beantwoord die vrae.

Heuningbye is vlieënde insekte en is aan perdebye en miere verwant. Hulle het 'n kleiner en skraler lyf as hommelbye.



**Fassinerende Feite**

Heuningbye sterf nadat hulle iets of iemand gesteek het. Hul angel is soos 'n doring en steek in die vel van 'n mens of dier wat hulle gesteek het.

Om inligting oor verskillende blomme en kos aan ander bye weer te gee, gebruik hulle 'n spesiale soort "dans".

Heuningbye maak heuning wat diere en mense eet.



twinkl
besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

### Waar Bly Bye?

Heuningbye kan in oerwoude, bosveld, woude en tuine in baie dele van die wêreld behalwe Antarktika, waar dit te koud is om te oorleef, gevind word. Hulle maak hul eie huise, wat 'n korf genoem word, waar hulle woon. Dit kan in plekke soos die holte van 'n boom gevind word. Elke korf kan tot 80 000 bye bevat!

### Wat Eet Bye?

Heuningbye eet stuifmeel en nektar van blomme. Stuifmeel is 'n fyn poeier wat deur plante vervaardig word en deur ander plante gebruik word om sade te maak. Stuifmeel help die heuningby om te groei. Nektar is 'n suikeragtige vloeistof wat die heuningby energie gee.

### Hul Veiligheid

Heuningbye gebruik hul angel om hulself te beskerm, hoewel hulle hoofsaaklik rustige insekte is en slegs aanval as hulle bedreig voel. Hulle het 'n aantal vyande insluitende voëls, klein soogdiere, reptiele en ander insekte. Groter soogdiere soos bere vernietig die korf, sodat hulle die heuning binne kan eet.

1. Heuningbye is aan miere en perdebye verwant. ( 1 )

Waar / Onwaar

2. Heuningbye het a spesiale taal wat hulle praat om te kominikeer. ( 1 )

Waar / Onwaar



twinkl
besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

3. Heuningbye eet ____________ ( 1 )

   a. pap en vleis

   b. suiker en lekkers

   c. stuifmeel en nektar

   d. nektar en suiker

4. Heuningbye het 'n ____________ om hul te beskerm ( 1 )

   a. engel

   b. angel

   c. steek

   d. doring

5. Waar kom bye nie voor nie? ( 1 )

   ______________________________________________

6. Hoe gee bye inligting aan ander bye oor? ( 1 )

   ______________________________________________

7. Skryf drie feite oor stuifmeel. ( 3 )

   ______________________________________________

   ______________________________________________

   ______________________________________________

8. Wat noem mens 'n by se huis? Hoeveel bye kan in een voorkom? ( 2 )

   ______________________________________________

   ______________________________________________

9. Hoekom eet bye nektar? ( 1 )

   ______________________________________________



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

10. Wat is die verskil tussen heuningbye en hommelbye? ( 1 )

______________________________________________

11. Noem twee van die heuningbye se vyande? ( 2 )

______________________________________________

______________________________________________

Totaal: / 15



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

**Afdeling B: Visuele teks** [10]





LIVEWORKSHEETS

1. Waar vind die Twinkl Byefees plaas? ( 1 )

______________________________

2. Waarom is daar 'n Twinkl Byefees? ( 1 )

______________________________

3. Noem twee maniere hoe jy die byefees kan kontak. ( 2 )

______________________________

4. Hoeveel moet kinders betaal om in te gaan? ( 1 )

______________________________

5. Wat kan jy by die byefees sien? ( 1 )

______________________________

6. Hoe lank gaan die byefees aanhou? ( 1 )

______________________________

7. Wat kan jy by die byefees doen? ( 1 )

______________________________

8. Stem jy saam dat bye en ander bestuiwers uiters belangrik is? Motiveer jou antwoord. ( 2 )

______________________________

______________________________

Totaal: / 10



LIVEWORKSHEETS

## Afdeling C: Opsomming [5]

Rangskik die volgende sinne in die regte volgorde. Kyk uit vir sinne wat nie pas nie! Skryf die letter wat pas, onder die nommer neer.

a. Hulle vlieg na die veld om blomme te soek.

b. Die vlieg vlieg terug korf toe.

c. Heuning word gemaak.

d. Hulle vlieg terug na die korf, waar hulle 'n spesiale dans doen.

e. Heuningbye verlaat elke oggend die byekorf.

f. Die vlieg sit op die blom.

g. Hulle eet stuifmeel en nektar van die blomme.

| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

Totaal: / 5



besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

## Afdeling D: Taal [10]

1. Skryf die volgende woorde in alfabetiese volgorder: ( 1 )

| | | | |
|---|---|---|---|
| hommelbye | miere | bye | perdebye |

2. Skryf die sin in die toekommendetyd. ( 1 )
   Heuningbye sterf nadat hulle iets of iemand gesteek het.

3. Enkelvoud, meervoud en verkleinings. ( 3 )

| Enkelvoud | Meervoud | Verkleining |
|---|---|---|
| | bye | |
| | | tuintjie |
| voël | | |


besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

4. Onderstreep die werkwoord in die sin. ( 1 )

Stuifmeel help heuningbye om te groei.

5. Skryf 'n byvoeglikenaamwoord vir heuningbye. ( 1 )

Die ________________________ heuningbye.

6. Skryf in die ontkenningde vorm. ( 1 )

Heuningbye eet heuning.

______________________________________________________________________

7. Skryf die sin oor. ( 1 )

heuningbye maak heuning wat mense en diere eet

______________________________________________________________________

8. Skryf in die indirekte rede. ( 1 )

Sipho sê, "Ek is lief vir heuning."

Sipho sê ____________________________________________________________

Totaal: / 10



besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS